SOLIDARITEIT
BEWEGING

## Diplomatieke sending na die VSA

# Washington Memorandum

## 1. Agtergrond

Tussen 1 en 9 Februarie 2025 het ʼn reeks uitsprake en konkrete stappe deur die Trump-administrasie in die VSA tot ʼn reuse-diplomatieke krisis tussen Suid-Afrika en die VSA gelei. Dit volg ná ʼn jare lange vyandige buitelandse beleid van Suid-Afrika teenoor die VSA.

Wat begin het as ʼn sosialemedia-plasing deur pres. Trump teen gebeure in Suid-Afrika en opgevolg is deur uitsprake deur senior politici soos senator Cruz van Texas, het geëindig in die aankondiging van die VSA se minister van buitelandse sake dat hy nie die G20-beraad van ministers van buitelandse sake op 21 Februarie in Johannesburg gaan bywoon nie.

Twee dae ná minister Marco Rubio se aankondiging het pres. Trump ʼn uitvoerende bevel op 7 Februarie onderteken wat skokgolwe deur Suid-Afrika gestuur het.

Pres. Trump het hom sterk uitgespreek teen Suid-Afrika se binnelandse en buitelandse beleid wat minderhede in Suid-Afrika ernstig benadeel, maar ook Amerikaanse nasionale veiligheidsbelange bedreig. Intussen het lede van die Amerikaanse kongres ook aangekondig dat hulle ten gunste is van ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika.

## Die Solidariteit Beweging

Die Solidariteit Beweging is verreweg die grootste Afrikanerbeweging in Suid-Afrika en het meer as 600 000 lede. Dit is ook een van die grootste burgerlike bewegings in die land. As hulle gesinne bygetel word, verteenwoordig die Beweging sowat 2 miljoen mense. Die Beweging het ʼn netwerk van meer as 20 selfhelp-gemeenskapsorganisasies waarvan Solidariteit en AfriForum die grootste is. Die organisasies is werksaam op die gebiede van werk, sekuriteit-infrastruktuur, onderwys en opleiding, en op maatskaplike, kulturele en erfenisgebied. Die Beweging ontvang geen staatsbefondsing nie.

Sedert pres. Trump se aankondiging het ʼn stormagtige debat in Suid-Afrika gewoed en die Solidariteit Beweging is in die middel van hierdie debat geplaas. Die ANC het die skuld vir die uitvoerende bevel net voor die deur van die Solidariteit Beweging gelê. Hul eie rol in die verswakking van diplomatieke verhoudinge is ontken. Daar is selfs klagte van hoogverraad teen AfriForum gelê en dié klagte is deur die ANC ondersteun.

Die Solidariteit Beweging het onmiddellik na die Suid-Afrikaanse regering uitgereik en het ʼn ernstige beroep op die Ramaphosa-regering gedoen om vinnig na die Trump-administrasie uit te reik ten einde ʼn ooreenkoms te bereik wat Suid-Afrika teen enige ekonomiese sanksies en ander maatreëls, soos die besnoeiing van humanitêre hulp, beskerm.

Die Suid-Afrikaanse regering het egter besluit om pres. Trump eerder verkeerd te bewys en om op arrogante wyse nie tot onderhandelinge in te stem nie. Hulle beskou die diplomatieke krisis as ʼn "kommunikasieprobleem, en nie een wat met ernstige politieke verskille te make het nie.

Die verhouding tussen Suid-Afrika en die VSA bevoordeel Suid-Afrika disproporsioneel. Suid-Afrika geniet uiters gunstige handelsvoorwaardes met die VSA, het jaarliks ʼn groot handelsoorskot met die VSA en ontvang ook humanitêre en ander hulp van miljarde dollar.

President Ramaphosa het egter besluit om ʼn afvaardiging saam te stel wat na die VSA sal reis om aan te voer dat die Trump-administrasie se argumente oor Suid-Afrika ongegrond en verkeerd is en om te bevestig dat Suid-Afrika nie sal toelaat dat die VSA die land "boelie" nie. Tydens vanjaar se Staatsrede het hy gesê: "Ons sal nie geboelie word nie," in wat ʼn ooglopende verwysing is na Washington se besnoeiing van hulp aan Suid-Afrika. Hy het bygevoeg: "Suid-Afrika staan steeds in solidariteit met die mense van Palestina wat dekades van onwettige besetting verduur en nou onbeskryflike lyding ervaar. Suid-Afrika het in ooreenstemming met sy verpligtinge ingevolge die Volksmoordkonvensie opgetree deur ʼn regsgeding teen Israel by die Internasionale Geregshof aanhangig te maak."

Die gevolge van hierdie benadering gaan waarskynlik ʼn verdere verswakking in die verhouding tussen die twee lande wees.

Die Solidariteit Beweging is nie genooi om deel te wees van die regering se afvaardiging nie, maar ons het dit ook aan die ANC duidelik gestel dat ons nie deel van so ʼn afvaardiging sou wees indien die afvaardiging se mandaat bloot die bogenoemde behels nie.

Daarom het die Solidariteit Beweging besluit om in belang van sy lede, die Afrikaner spesifiek, maar ook Suid-Afrika en alle Suid-Afrikaners in die algemeen ʼn afvaardiging na die VSA te stuur.

## 2. Die Solidariteit Beweging se standpunt oor SA se verhoudinge met die VSA

Die Solidariteit Beweging doen reeds 21 jaar politieke skakeling in die VSA en het toenemend bewus geraak van die diplomatieke breuk wat tussen Suid-Afrika en die VSA begin ontstaan het.

In die eerste plek is ons uitgesproke dankbaar teenoor pres. Trump vir sy uitwys van ernstige foute in Suid-Afrika se binnelandse en buitelandse beleid. Ons is ook dankbaar vir die hand van vriendskap wat hy na die Afrikaner uitgereik het.

Ons verwelkom ook die Amerikaanse regering se kommer oor sekere beleidsrigtings in die Suid-Afrikaanse regering se binnelandse beleid, soos die 117 rassewette wat sedert 1994 deur die ANC uitgevaardig is, die Onteieningswet, en die behandeling van Afrikaners as tweedeklasburgers op grond van ons afkoms, kultuur en ras.

## 3. Die Solidariteit Beweging se uitreik na die VSA

In die lig van die gebeure van die afgelope paar dae, die massiewe debat hieroor in Suid-Afrika, en die belangrike kwessies rakende die toekomstige verhouding tussen Suid-Afrika en die VSA sal die fokus van die Solidariteit Beweging se besoek aan die VSA hoofsaaklik op die volgende kwessies val:

1. Suid-Afrika se buitelandse beleid en die behoefte daaraan om in ŉ ooreenkoms tussen die VSA en Suid-Afrika herbelyn te word;
2. Die verbreking van die 1994-ooreenkoms tussen die ANC en Afrikaners en die behoefte aan  kultuurakkoord om ons grondwetlike reg op kulturele outonomie te herbevestig;
3. Meer inligting oor Afrikaners in Suid-Afrika;
4. Die Solidariteit Beweging se rol as ŉ burgerlike organisasie wat baie "staatsdienste" sonder staatsinkomste verskaf;
5. Die bevestiging van 'n stel feite oor wetgewing (onderwys en opleiding, rassewette, die Onteieningswet) en beleid in Suid-Afrika;
6. Humanitêre hulp aan Suid-Afrika;
7. Die hernuwing van die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (Agoa) en Suid-Afrika se deelname daaraan.

Ter toeligting van bogenoemde punte lig ons enkele punte kortliks uit. Ons het egter volledige verslae oor die kernpunte wat ons ook beskikbaar sal stel.

### 3.1. *Suid-Afrika se buitelandse beleid*

Die ANC het die afgelope paar jaar ŉ teenstrydige posisie oor internasionale reg en menseregte ingeneem. Optredes soos militêre oefeninge met China en Rusland en die onttrekking aan internasionale verpligtinge het die bilaterale verhouding met die Verenigde State van Amerika (VSA) verder onder druk begin plaas.

Die wantroue tussen die twee lande het verlede jaar aanleiding gegee tot 'n wetsontwerp wat in die Amerikaanse kongres voorgestel is wat die heroorweging van die VSA se verhouding met Suid-Afrika voorstel.

Die Solidariteit Beweging deel die Trump-administrasie se kommer oor die Suid-Afrikaanse regering se buitelandse beleid, veral met betrekking tot Israel, China, Iran, Rusland, Rwanda en Taiwan.

Ons Beweging glo dat ons 'n wesenlike bydrae kan lewer om die skade wat deur die huidige diplomatieke geskil veroorsaak word, by te lê.

Die Solidariteit Beweging glo dat dit in die belang van die VSA en Suid-Afrika is om demokrasie in die land te verstewig deur die burgerlike samelewing en die privaat sektor te versterk.

**Aanbeveling**

**In die lig van bogenoemde beveel ons aan:**

- **Dat die druk op Suid-Afrika volgehou word, maar dat daar eerder gefokus word op druk op die ANC-leiers wat vir hierdie beleidsrigtings verantwoordelik is.**
- **Dat die kapasiteit van die burgerlike samelewing en die privaat sektor wat hulle beywer vir ŉ vrye mark en ŉ beleggersvriendelike ekonomie, versterk word.**

### *3.2. Afrikaners in Suid-Afrika*

Afrikaners is 'n Westerse gemeenskap aan die suidpunt van Afrika. Hulle is in Afrika gevorm en het 'n eie unieke taal in Afrika ontwikkel. Die groep is dus uniek in die sin dat dit 'n Westerse gemeenskap inheems in Afrika is.

Die gemeenskap is 'n visuele, goed presterende, maar ook 'n gediskrediteerde minderheid. Dit stel die groep bloot.

In 1994 is daar 'n historiese ooreenkoms bereik waarin die VSA 'n deurslaggewende rol gespeel het. Dit het gelei tot 'n regeringsoorgang waarin politieke beheer aan die meerderheid gegee is in ruil vir sekere beskerming vir die minderheid. Die ANC het egter die historiese skikking verbreek deur onder meer 'n aanval op eiendomsreg, die instelling van aggressiewe rassewette en aanvalle op Afrikaanse onderwysinstellings, insluitende skole. Landelike veiligheidstrukture is afgetakel en pogings om die grondwetlike reg op selfbeskikking op te neem, is ondermyn.

Die regering het pas 'n nuwe wet, die Bela-wet, aanvaar wat aan 'n staatsamptenaar die reg gee om Afrikaanse skole te dwing om hul taalbeleid te verander. Ons sien dit as 'n daad van aggressie en die verbreking van die 1994-skikking om 'n gemeenskap se reg om in hul eie taal onderwys te ontvang van hom te ontneem.

Afrikaners is ook tradisioneel 'n boerderygemeenskap en bykans 75% van Suid-Afrika se kommersiële boere is Afrikaners.

Die plaasmoorde in Suid-Afrika tref die gemeenskap hard. Plaasmoorde is besonder brutaal en die frekwensie, in vergelyking met moorde in die res van die land, is baie hoog. Die gemeenskap is dus besonder blootgestel aan 'n regering wat onteien sonder vergoeding en is terselfdertyd ook blootgestel aan anargistiese grondgrype en grondbesettings. Rassewetgewing diskrimineer ook aktief teen hierdie gemeenskap. Rassediskriminasie is nie net beperk tot die groep nie, maar sluit ook wit Suid-Afrikaners in die algemeen asook ander minderhede in.

In die lig hiervan verwelkom ons pres. Trump se uitvoerende bevel wat onder meer die kwessies wat die Afrikanergemeenskap raak, aanpak en die Afrikaner se bestaansreg indirek erken. Dit is opgevolg met 'n verduidelikende nota van die Amerikaanse ambassade. Die kwessies sluit in onteiening sonder vergoeding, die regering se versuim om gewelddadige aanvalle te voorkom asook onregverdige rassediskriminasie en 'n algemene kommer oor Suid-Afrika se buitelandse beleid.

Die moontlikheid van hervestiging deur die Verenigde State se Vlugteling-toelatingsprogram en moontlike humanitêre hulp word oorweeg en ons het begrip vir die Trump-administrasie se insluiting hiervan in die Uitvoerende Bevel.

Alhoewel individue vir 'n hervestigingsprogram kan kwalifiseer, sal die meerderheid Afrikaners steeds in Suid-Afrika aanbly.

Afrikaners het oor die afgelope 30 jaar begin om 'n kulturele infrastruktuur in Suid-Afrika te vestig sodat ons, ten spyte van die regering, steeds vry en veilig kan leef. Dit word onder die vaandel van die Solidariteit Beweging gedoen waarvan die grootste organisasies Solidariteit en AfriForum is. Veiligheidstrukture, maatskaplike strukture, werkstrukture, opleidingstrukture en kulturele strukture is gevestig. Dit alles word sonder staatsondersteuning gedoen.

Die kwesbaarheid van Afrikaners is weer bevestig deur klagte van hoogverraad wat teen AfriForum ingebring is deur een van Suid-Afrika se mees ekstremistiese politieke partye en die verwelkoming daarvan deur die ANC. Die beskerming van Afrikaners in Suid-Afrika lê in hul eie strukture.

**Voorstel:**

**In die lig van president Trump se uitvoerende bevel stel ons voor dat:**

- **Afrikaners se strewe na 'n vry, veilige en voorspoedige lewe en kulturele outonomie aan die suidpunt van Afrika erken word.**
- **Druk op Suid-Afrika uitgeoefen word om plaasmoorde tot 'n prioriteitsmisdaad te verklaar.**
- **Hulp verleen word aan 'n Afrikanerontwikkelingsfonds om te help met gemeenskapinfrastruktuur om Afrikaners te beskerm. Dit sluit in veiligheidstrukture, maatskaplike strukture, werkstrukture, opleidingstrukture en infrastruktuur om Afrikaners wat hulle op kwesbare plekke bevind gekonsentreerd te vestig.**

## 3.3. *Onteiening*

Pres. Ramaphosa het die Onteieningswet op 23 Januarie 2025 onderteken. Vir die eerste keer word voorsiening gemaak vir onteiening teen nul vergoeding. Alhoewel daar heelwat ander probleme met die Onteieningswet is, is nul vergoeding 'n ernstige probleem. Die wet moet ook gesien word teen die ANC se verklaarde doelwit om ook die Grondwet van Suid-Afrika te verander om onteiening sonder vergoeding op groot skaal moontlik te maak. Op die ANC se 54ste kongres in Desember 2017 is besluit om artikel 25 van die Grondwet te verander om onteiening sonder vergoeding moontlik te maak. Pres. Ramaphosa het daarna by verskeie geleenthede sy steun vir die verandering aan die Grondwet gegee. Die ANC kon egter nie daarin slaag om die vereiste tweederdemeerderheid in die parlement te kry nie. Ten spyte daarvan is die Onteieningswet, wat voorsiening maak vir nul-vergoeding, deur pres. Ramaphosa onderteken. Hierdie wet kan 'n instrument in die hand van die regering wees om sy verklaarde doelwit te bereik sonder om die Grondwet te verander. Die aanvaarding van die Onteieningswet moet dus binne die konteks van die ANC se eie verklaarde doelwit gesien word.

**Aanbeveling:**

**Daar word aanbeveel om:**
**Druk op die regering toe te pas om 'n wysigingswet aan te neem wat die nul-vergoedingsklousule verwyder;**
**'n Onderneming van die regering te versoek dat die Grondwet nie gewysig sal word om onteiening sonder vergoeding op groot skaal moontlik te maak nie.**

## 3.4 *Bela*

Die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (Bela) is einde verlede jaar deur die president onderteken.

Hierdie wet ontneem skoolbeheerliggame (en gevolglik die ouergemeenskap) van die vermoë om in die toekoms die taal- en toelatingsbeleid van skole te bepaal. Dit kan verwoestende gevolge vir die voortbestaan van Afrikaans en die Afrikaanse kultuur inhou, en dit is 'n verbreking van die ooreenkoms oor die beskerming van taal en kultuur wat in 1994 bereik is.

Dit is kaping van skole deur 'n gesentraliseerde regering. Die gewysigde wet laat geen twyfel nie dat die hoof van die Departement van Basiese Onderwys nou die finale sê oor taal en toelating het.

**Aanbeveling:**

**Die Amerikaanse regering moet druk op die Suid-Afrikaanse regering uitoefen om daardie bepalings in die Bela-wet te herroep wat skole van die reg ontneem om hul eie taal- en toelatingsbeleid te bepaal.**

## 3.5 *Rassewette*

Suid-Afrika is die mees rasgereguleerde land ter wêreld ten spyte van artikel 1 van die Grondwet wat die land as 'n nierassige land verklaar. Die 117 rassewette wat sedert 1994 gepromulgeer is toe die ANC aan bewind gekom het, diskrimineer nie net teen Afrikaners en minderhede nie, maar strek tot groot nadeel van ekonomiese groei, werkskepping en gelykheid. Vandat Suid-Afrika 'n aggressiewe rassebeleid geïmplementeer het, het die aantal werkloses van 4 miljoen tot 8 miljoen gestyg. Maatskappye moet premies vir swart bemagtigingstransaksies betaal. Die beste voorbeeld is Suid-Afrika se elektrisiteitsvoorsiener, Eskom, wat weens 'n swart bemagtigingspremie 30% meer betaal vir aankope. Die Suid-Afrikaanse rasbedeling is 'n verrykingsprogram vir 'n klein elite-groepie. Die beleid van swart bemagtiging strek ook tot nadeel van buitelandse beleggings. 'n Onlangse voorbeeld is Elon Musk se Starlink wat nie in Suid-Afrika kan sake doen nie omdat dit nie aan die vereiste 30%- swart aandeelhouding voldoen nie. Ten spyte van buitelandse druk het pres. Ramaphosa in sy 2025-staatsrede aangekondig dat die regering 'n rasbemagtigingsfonds van R100 miljard gaan begin en dat die privaat sektor 'n ekstra tipe belasting gaan betaal om dit te befonds. Hy het ook aangekondig dat rassereëls verskerp gaan word. In die eerste kwartaal van 2025 gaan openbare sittings in Suid-Afrika gehou word met die oog daarop om rassekwotas in verskillende sektore nóg strenger te maak. Die Verenigde Nasies se Internasionale Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Rassediskriminasie en die Internasionale Arbeidsorganisasie se konvensie 111 bepaal dat rasseprogramme tydelik van aard moet wees. Dit is ook bevestig in die Amerikaanse Harvard-hofuitspraak.

**Aanbeveling:**

**Dat druk op die Suid-Afrikaanse regering geplaas word om voor die G20-beraad, wat in November 2025 in Johannesburg plaasvind, aan te dui hoe rassewetgewing uitgefaseer gaan word.**

## 3.6 *Agoa*

Die Solidariteit Beweging het net die grootste waardering vir Suid-Afrika se deelname aan Agoa.

In 2024 het die waarde van ons land se uitvoere na die VSA R156,8 miljard beloop. Handel met die VSA verskaf werk aan sowat 576 000 Suid-Afrikaners. Ongeveer 250 000 daarvan is direk of indirek aan Agoa gekoppel. Uitvoere na die VSA maak ongeveer 3,4% van Suid-Afrika se bruto binnelandse produk uit. Vir Suid-Afrika is dit substansieel. In die konteks van die VSA se internasionale handel is dit wel weglaatbaar klein.

Die paradoks van Suid-Afrika se niedeelname aan Agoa is dat Amerika se bondgenote in Suid-Afrika en die groep wat pres. Trump as kwesbaar geïdentifiseer het die swaarste getref sal word. Die landbousektor, waarvan Afrikaners ongeveer 75% uitmaak, gaan swaar getref word. In 2024 het uitvoere uit die landbousektor na die VSA sowat R10 miljard beloop. Talle werkers in die staal-, chemiese, myn-, en motorbedryf is nog Afrikaners en lede van Solidariteit. Dit is hierdie bedrywe wat bykans onherstelbare skade sal ly indien Suid-Afrika uit Agoa verwyder word. Gemeenskappe gaan in die geheel geraak word. Die ander mense wat geraak gaan word, is die kwesbaarste gemeenskappe in Suid-Afrika. Die ANC het daarin geslaag om die elite deur swart bemagtigingstransaksies te buffer teen ekonomiese skokke. As Suid-Afrika uit Agoa geskop word weens Suid-Afrika se roekelose beleid sal dit ons en die kwesbare gemeenskappe raak, maar min invloed hê op die politieke elite. Dit is waarskynlik ook hoekom hulle onverskillig staan in hul verhouding met die VSA.

**Aanbeveling:**

**Daar word aanbeveel dat**
**Suid-Afrika se insluiting in Agoa voortgesit word;**

**As 'n alternatief vir die uitsluiting van Suid-Afrika uit Agoa, strafmaatreëls gerig word teen senior ANC-leiers, korrupte individue en diegene wat hulle by internasionale terreurorganisasies skaar;**

**As Suid-Afrika nie langer by Agoa ingesluit word nie, alternatiewe ooreenkomste en metodes gevind word wat die impak op individuele boere, vervaardigingsondernemings en gewone burgers kan versag wat die meeste sou ly weens die negatiewe gevolge van die onverantwoordelike optrede.**

**Ons doen ook 'n beroep dat ander metodes gevind word om druk op die ANC toe te pas om beleidsverandering teweeg te bring.**

**Die Solidariteit Beweging verskil met die ANC, maar is lief vir ons land. Ons besoek aan die VSA is om 'n positiewe uitkoms vir ons land te vind. Dit vereis wel om druk op die ANC uit te oefen, aangesien hul internasionale en nasionale beleid tot groot nadeel van ons mooi land en sy mense strek.**